# GEBED

## DIE WERKLIKE STRYD

Uitgegee deur Dunham Books
© 2009 Deur Geopende Deure Internasionaal
Uitgegee 2010
ISBN: 978-0-901644-16-9

Tensy andersins aangedui, is Skrifgedeeltes geneem uit DIE BYBEL Nuwe vertaling, Eerste uitgawe 1983, Sesde uitgawe 1986. Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Posbus 6215, Roggebaai, Kaapstad 8012. Alle regte voorbehou.

Omslag ontwerp deur: *Velvet Creative Graphic Design Agency*
Gedruk in die Verenigde State van Amerika

Alle regte voorbehou

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer en Geopende Deure Internasionaal gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikrofilming of enige ander stelsel vir inligtingsbewaring.

Vir meer inligting:

Dunham
books

2400 Dallas Parkway
Suite 400
Plano, Texas 75093
USA

**dunhambooks.com**

# GEBED

## DIE WERKLIKE STRYD

BROER ANDREW
EN AL JANSSEN

# Inhoud


| | *Hoofstuk* | *Bladsy* |
|---|---|---|
| 1. | Krisis | 1 |
| 2. | Waak en Bid | 9 |
| 3. | Berei Voor vir die Stryd! | 19 |
| 4. | ’n Nuwe Tyd vir Daaglikse Gebed | 27 |
| 5. | Word ’n Intersessor | 39 |
| 6. | Gebruik die Swaard | 47 |
| 7. | Bid Saam, Nie Net Vir Nie | 57 |
| 8. | ’n Kardinale Vraag | 65 |
| | Bronnelys | 77 |

# 1. Krisis

*Die Boek van Handelinge verwys telkemale na gebedsbyeenkomste; elke tree vorentoe wat die eerste kerk gemaak het, was gegrond op gebed. Kyk weer na die kerk tydens Pinkster. Hulle het tien dae gebid en tien minute gepreek en drie duisdend mense is gered. Vandag bid ons tien minute en preek vir tien dae en dan is ons ekstaties as enige iemand gered word.*

Ronald Dunn

# 1. Krisis

***Jesus het nooit Sy dissipels geleer hoe om te preek nie, slegs hoe om te bid... Om te weet hoe om met God te praat is belangriker as om te weet hoe om met mense te praat.***

Andrew Murray

'N paar jaar gelede het 'n kosbare vriend vir my en my kollega, Al Janssen, gevra om deel te word van 'n hoogs vertroulike projek. Ons is genooi om vir twee en twintig broers in 'n Moslemstreek, waar daar geen inheemse kerk was nie, in te tree in gebed. Gedurende die afgelope vier jaar was daar 'n geweldige beweging van God se Gees en duisende mense het in Jesus Christus as hul Redder begin glo. Hierdie mans en vroue getuig manmoedig van hul Here; baie het reeds die prys met hul lewens betaal.

Daar was geen sigbare kerk in hierdie land nie en daarom was daar geen instelling wat hierdie

werking van die Gees kon ondersteun nie. Daar was geen kweekskole om pastore op te lei nie. Daar was geen ervare leiers wat die nuwe gemeentes op geestelike gebied kon oplei nie en dit in 'n land waar daar amper elke week 'n nuwe gemeente gevorm is. Daar was geen ouderlinge of diakens wat die vervolgdes kon bemoedig of ondersteuning aan weduwees kon bied wie se mans gesterf het as gevolg van hul getuienis nie. Daar was wel 'n paar buitelandse sendinggroepe wat in die area gewerk het, maar die meeste van hulle was humanitêre noodlenigingsagentskappe wat nie toegerus was om hierdie jong kerke te versterk nie.

My vriend het twee en twintig manne geïdentifiseer wat potensiële pastore was. Hulle was almal Moslems wat navolgers van Jesus geword het. Hulle het vir die volgende drie jaar, een week per maand, in die geheim ontmoet en gereeld van ligging verander om intensiewe Bybel en teologiese opleiding te ontvang. As hulle die kursusse suksesvol voltooi, sou hulle as pastore georden word om hierdie gemeentes te bedien.

Al en ek het onsself uiteraard verbind om vir hierdie manne te bid en het nog 'n paar ander mense gewerf om saam met ons te bid. Wat 'n voorreg was dit om voor ons Here te staan en te pleit vir die leiers van die kerk in 'n radikale Islamitiese nasie!

Binne ses maande het twee van hierdie broers 'n martelaarsdood gesterf.

Dit het 'n krisis in Al se lewe ontketen. Ons taak het baie meer as 'n eenvoudige "God seën hierdie manne"-tipe gebed vereis. Hulle het toegewyde voorbidders benodig – mans en vrouens wat namens hulle sou pleit voor God. Hulle het die beskerming van die liggaam van Christus benodig wat toegewyd namens hulle 'n geestelike stryd sou voer. Dit het Al laat bid, "Here, U moet my leer hoe om dít te doen!"

Ek het hom gewaarsku, "Hierdie is die mees gevaarlikste gebed om te bid: 'Here, maak my 'n man van gebed.'"

Oral waar ons in die wêreld gaan ontmoet ons broers en susters wat ly vir die naam van Jesus Christus en hoor ons telkens dieselfde versoek: "Bid asseblief vir ons." Maar *hoe* bid ons vir hulle? Klaarblyklik weet ons hoe om vir ons vriende en familie te bid. Of weet ons regtig? Wanneer ek luister na mense wat bid in Holland of Amerika of ander vry lande, klink dit of ons gebede meestal selfgesentreerd is: "God, hier is dit wat ek wil hê."

Dit is goed om vir ons werk en ons kinders en ons finansies te bid. Natuurlik vra ons vir God om ons siek bure te genees en om ons geliefdes veilig te laat reis. Indien dit egter al is wat ons doen, mis ons uit op 'n groot avontuur.

***God nooi ons om ons gemeenskap, ons nasie, en die wêreld te beïnvloed – om letterlik geskiedenis te rig terwyl ons op ons knieë is.***

God nooi ons om ons gemeenskap, ons nasie, en die wêreld te beïnvloed – om letterlik geskiedenis te rig terwyl ons op ons knieë is.

Dit is waaroor hierdie boekie gaan – om vir u praktiese lesse oor gebed, wat ons uit die Skrif en van hulle wat vervolg word omdat hulle Jesus volg, geleer het. As ons 'n onuitwisbare merk op die wêreld wil laat, is daar geen beter manier om dit te doen as om in gebed in God se doeleindes te deel nie. Ons gebede kan gaan waar ons nie kan nie (alhoewel hulle nie 'n plaasvervanger is vir wanneer ons wel iewers heen kan gaan nie). Daar is geen grense, geen tronkmure, geen deure wat geslote bly wanneer ons bid nie. Die politieke, ekonomiese, militêre, en geestelike leiers van die wêreld mag dalk nie ons name ken nie, maar ons kan 'n groter invloed op hul planne hê as al hul naaste adviseurs tesame. Terwyl baie dinge vanuit 'n menslike oogpunt onmoontlik mag lyk , is daar niks wat in gebed onmoontlik is nie.

Nogtans aarsel ons. 'n Christenman het eenkeer vir my gesê, "Dit is nie ons plek om vir God te vertel wat ons wil hê Hy met Sy wêreld moet doen nie" – dit is wat sy beskrywing van intersessie was. "Hoekom nie?" het ek hom uitgedaag. God nooi ons uit – beveel ons – om dit te doen. Jesus het gesê: "As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen" ( Johannes 14:14). Moet ons Sy uitnodiging weier omdat ons geveinsd nederig wil voorkom? God wil hê ons moet aktief wees, nie passief nie. Hy wil hê ons moet die vorste en magte wat die wêreld gevange hou weerstaan – en uiteindelik

oorwin. Verder gee Hy vir ons wapens wat sterker is as hulle s'n om dit te doen. Jesus verklaar: "...wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly" (Matteus 16:19). God het ons toegang gegee tot die onbeperkte krag van Jesus Christus – krag wat baie sterker as enige sogenaamde supermoondheid op aarde is.

***God het ons toegang gegee tot die onbeperkte krag van Jesus Christus – krag wat baie sterker as enige sogenaamde supermoondheid op aarde is.***

Wanneer ons Here gebid het, het dinge gebeur. Geen wonder dat die dissipels Hom gevra het om Sy geheim met hulle te deel nie. "...Here, leer ons bid..." (Lukas 11:1), het hulle gevra, alhoewel hulle reeds deur die loop van hul lewens in die sinagoges en in hul huise gebid het. Gebed was die hart van Jesus se sukses. Dit is die sleutel tot ons sukses in alles wat ons as Christene doen. Dit is die basis van alles wat God bereik. Dit is die rede hoekom ons dit so belangrik ag om hierdie verborge reserwes van goddelike krag oop te sluit en die vyand, wie die aarde met sy bose planne wil uitvee, te konfronteer.

Hoekom help u ons nie, om Satan se vestings aan te val nie? Dit is die werklike stryd wat die verloop van geskiedenis kan verander.

## NEEM AKSIE

Op 'n skaal van 0 tot 10 – waar 0 beteken dat u nooit bid nie en 10 beteken dat u konstant bid dat God se wil op aarde sal geskied soos in die hemel – hoe sal u, u gebedslewe vandag bepunt?

Watter een ding sou u in die volgende week kan doen om u gebedslewe een nommer nader aan 10 te laat beweeg?

***Geen man is groter as sy gebedslewe nie... Die bediening van prediking is vir min mense beskore; maar die bediening van gebed – die hoogste bediening van alle menslike ampte – is vir almal beskikbaar.***

LEONARD RAVENHILL

# 2. Waak en Bid

*Die betekenis van gebed is dat ons God ontmoet,*
*en nie net 'n antwoord kry nie.*

Oswald Chambers

# 2. Waak en Bid

***Gebed is nie 'n monoloog nie, maar 'n dialoog; God se stem in reaksie op myne is die belangrikste deel.***

Andrew Murray

Wanneer jy 'n Moslemland vir die eerste keer besoek, kan die ervaring oorweldigend wees. Ons eerste besoek aan Pakistan was vir albei van ons 'n skouspel van geure en kulturele ervarings; meer as wat ons kon verwerk. Dit het 'n rukkie geneem om aan te pas en raak te sien wat God besig was om te doen in die lewens van die mense in daardie nasie.

Belangriker as om bewus te wees van die taal en kultuur van 'n land, is om God se hart vir mense te ontdek. Dit verg dat ons 'n land binnegaan sonder 'n program of 'n agenda. Ons moet begin deur na Hom te luister. Dit voel so natuurlik vir ons om in te spring en te bid oor 'n situasie, asof ons reeds weet wat

God moet doen. Hierdie tipe gebed is egter slegs 'n eenrigtinggesprek waartydens ons vir God bevele gee.

In kontras hiermee, let op hoe Jesus gebid het by elke kardinale situasie in Sy bediening. Die Evangelie van Lukas vertel ons dat Hy by Sy doop gebid het. Kyk wat gebeur het: "...terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal..." (Lukas 3:21-22). Jesus het gebid as groot skares Hom geprys het – Hy het Hom dikwels in eensame plekke afgesonder om daar te bid om die nodige perspektief te verkry en die regte prioriteite te behou (Lukas 5:15). Jesus het die hele nag in gebed deurgebring voordat Hy sy twaalf dissipels, wat deel van Sy binnekring sou word, uitgekies het (Lukas 6:12-13). Hy het gebid toe Hy homself aan Sy dissipels as die Messias bekendgemaak het (Lukas 9:18). Hy het gebid toe Hy verheerlik is en met Moses en Elia gepraat het (Lukas 9:28-29). Hy het gebid toe Sy dissipels Hom gevra het om hulle te leer hoe om te bid (Lukas 11:1). En Hy het gebid in die uur van ons verlossing.

Kom ons fokus op hierdie laaste situasie – die weergawe van Jesus se angs in die Tuin van Getsemane:

> *Jesus het die stad verlaat en volgens gewoonte Olyfberg toe gegaan, en sy dissipels het Hom gevolg. Toe Hy op die plek aankom, sê Hy vir hulle: "Bid dat julle nie in versoeking kom nie."*

*Hy het Hom toe van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi. Daar het Hy gekniel en gebid: "Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie My wil nie maar U wil geskied!" 'n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val. Toe Hy van die gebed opstaan en by die dissipels kom, kry Hy hulle aan die slaap, uitgeput van droefheid. Hy sê toe vir hulle: "Waarom slaap julle? Staan op en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie."*
*Lukas 22:39–46*

Oorwinning moet behaal word, voordat konfrontasie met die vyand plaasvind. Die klimaks van Jesus se lewe was die oomblik aan die kruis, toe Hy tussen hemel en aarde gehang het, geskei van Sy Vader, en ons sondes gedra het. Maar die werklike oorwinning het in Getsemane plaasgevind, toe die besluit om die kruis in die gesig te staar, 'n finaliteit geword het. Díe stryd in Getsemane word elders ook beskryf: "Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God. Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is" (Hebreërs 5:7-8).

Toe Jesus gebid het oor die "beker" wat by Hom weggeneem moes word, glo ek nie dat Hy die kruis bedoel het nie. Jesus was onder sulke

geweldige druk in Getsemane, dat Hy letterlik op die punt was om te sterf. Hier bespeur ons vir die eerste keer 'n mate van onsekerheid. Wat hierdie onsekerheid ookal mag gewees het, Jesus was klaarblyklik besig om te sterf in die tuin onder 'n las wat Satan op Hom geplaas het. Maar Jesus wou nie in Getsemane sterf nie, want as Hy daar sou sterf, sou Hy nie die verlossing van die wêreld vervolmaak het nie. Hy kon dit slegs aan die kruis doen.

***Jesus…het dikwels hom onttrek na alleenplekke om te bid, sodat hy die nodige perspektief kon kry en die regte prioriteite kon behou.***

Ek dink nie Jesus het gebid vir 'n manier om die kruis te vermy nie. Duisende martelaars, patriotte, en ander het manmoedig voor Hom gesterf, omdat hulle gedink het hulle sterf vir 'n waardige saak. Sou Jesus kop uittrek? Ek glo dit nie vir een oomblik nie. Die druk wat die duiwel op Hom geplaas het, het eerder so erg geword, dat dit Jesus heeltemal oorweldig het. As die duiwel Hom in Getsemane kon doodmaak, sou Satan vir ewig regeer. Jesus wou na die kruis gaan, omdat God vir ewig en altyd moet heers. Die duiwel moes verslaan word.

So die werklike oorwinning, die werklike verlossing, het in gebed in Getsemane plaasgevind. Hierna was daar geen omdraaikans nie en was daar geen moontlikheid dat God van

Sy plan met Jesus se dood sou afsien nie.

Te veel van ons bid wanneer dit reeds te laat is. Jesus het vir die dissipels in die tuin gesê: "Bid dat julle nie in versoeking kom nie." (Lukas 22:40) Ons is geneig om te bid *nadat* ons reeds in versoeking gekom het. Jesus het gewaak en gebid te midde van Sy versoeking, en daarom was Hy gereed om die kruispad te loop. Die dissipels het geslaap as gevolg van hul verdriet, en het toegegee onder die druk, en Jesus alleen gelaat, heeltemal verlate.

Gebed is die beste manier om die duiwel se planne in die wiele te ry. Jesus leer ons hierdie kosbare les tydens Sy eie diep, pynlike gebed. En "...Sy gebede is verhoor..." (Hebreërs 5:7). Sy gebede is toegestaan; die beker is weggeneem; engele het gekom en Hom versterk.

Wat 'n voorreg was dit nie vir Petrus, Jakobus en Johannes om daar by Jesus te wees nie. Ongelukkig het hulle nie gebruik gemaak van hierdie voorreg nie. Hulle het geslaap! Hulle het uiteraard redes gehad om te slaap – ons sal altyd goeie verskonings vind vir ons foute. Maar dink dan aan al die geleenthede wat ons laat verbygaan, omdat ons nie waak nie en dus nie gereed is vir God se werk nie.

***Dink dan aan al die geleenthede wat ons laat verbygaan, omdat ons nie waak nie en dus nie gereed is vir God se werk nie.***

Wat was die dissipels veronderstel om te sien? Die lyding van hul Here. Wat moet ons vandag sien? Die lyding en nood van hierdie wêreld – en die deernis wat God voel vir diegene wat verlore is, soos skape sonder 'n herder. Oswald Chambers het soos volg geskryf: "'Wag hier en waak saam met My.' Is my idee van gebed gebaseer op die wakende houding wat Jesus Christus van Sy dissipels vra?" Goeie vraag!

Om te waak en bid was die eerste groot les wat Al geleer het, nadat hy uitgeroep het tot God om hom te leer hoe om te bid. Voor elke reis het hy begin bid: "Here, mag ek sien wat U sien, hoor wat U hoor, liefhê wat U liefhet, haat wat U haat, en voel wat U voel." Hierdie is 'n gebed wat God beantwoord. Hy open ons oë om glimpse van Sy hart raak te sien– gewoonlik is 'n glimps op 'n slag al wat ons kan hanteer.

Op een van ons reise na die Midde-Ooste het God vir Al 'n kykie gegee in die hart van 'n toegewyde Moslem. Ons het aandete saam met 'n vriend genuttig, wat 'n geleerde Moslemleier is en verskeie groepe op die Hajj, die pelgrimstog na Mekka wat elke Moslem minstens een keer in sy leeftyd moet meemaak, gelei het. Ons het hom gevra om ons te leer wat tydens die Hajj van reisigers vereis word. Ons vriend het al die voorbereidings voor die reis aan ons verduidelik: die pelgrim vra vergifnis van enige iemand aan wie hy aanstoot gegee het, betaal al sy skuld en memoriseer verskeie verse in die Koran. Hy het verder die

verskeie seremonies wat tydens die pelgrimstog gedoen word verduidelik: almal dra 'n wit kleed, stap om die Kaaba, stenig die duiwel en offer 'n dier as offerande.

Aan die einde van sy verduideliking het ons vriend gesê dat 'n pelgrim al hierdie dinge noukeurig en met die regte gesindheid moet doen, anders is die pelgrimstog 'n mislukking. As die pelgrim op enige stadium verslap in sy toewyding, kan hy net sowel daar stop en terugkeer huis toe – die Hajj is dan verby vir daardie persoon.

Wetende dat miljoene pelgrims vir vyf dae saamgedronge is, het ek gevra, "Jy bedoel dat as daar aan 'n man gestamp word en hy kwaad word en byvoorbeeld sê 'Uit my pad, jou idioot!...'"

Die professor het sy kop hartseer geskud. "Dan het hy misluk. Die pelgrimstog is vir hom verby."

Op daardie stadium, sê Al, het hy vir die eerste keer 'n diepe deernis vir Moslems, wat so hard probeer om God te behaag met hul pogings, gevoel. Maar hulle het geen begrip van genade wat deur 'n medelyende God aangebied word, deur die offerande van Jesus Christus nie.

Sonder waarheid kan daar geen werklike deernis wees nie. Dit is waarom ons God moet soek, op Hom moet wag en moet waak, sodat ons die wêreld deur Sy oë kan sien. Of ons persoonlike- of familiesake hanteer, 'n

gemeenskapskrisis, besorg is oor diegene wat nie ons Here ken nie, 'n nasionale of internasionale kwessie, moet dit die beginpunt van ons gebede wees. Sonder hierdie perspektief sal ons nooit intersessors word nie.

## NEEM AKSIE

Skeduleer een uur in die volgende week en bring dit op 'n stil plek deur, sonder enige agenda, behalwe om te waak en te bid. Skryf dit wat God vir u sê neer.

*Martin Luther het geleer dat wanneer ons die Onse Vader bid, en 'n gedagte van God by ons opkom, is dit nodig om op te hou bid en dit neer te skryf, want wat God sê, is belangriker as dit wat ons sê.*

Saint Francis de Sales

# 3. Berei Voor vir die Stryd!

*Meeste kerke dink dat hul lede bymekaarkom, net om vir mekaar om te gee en mekaar op te bou. Hulle weet nie dat God die wêreld beheer deur die gebed van Sy heiliges nie; dat gebed die krag is waardeur Satan oorwin word; dat die Kerk op aarde deur gebed outoriteit het oor die magte in die lug.*

Andrew Murray

# 3. Berei Voor vir die Stryd!

Ons moet iets baie belangrik ook besef. God gebruik vervolging tot voordeel van die kerk. Hoewel vervolging nie die werk van 'n liefdevolle God is nie – dit is die werk van ons gesworе vyand.

Wanneer ons van die werking van die bose bewus raak, kan ons vir God vra om die situasie te verander. Ons het die volste reg om dit te doen. Maar verwag van Satan om ons pogings teen te werk met elke truuk in sy arsenaal. Hy is 'n vyand van gebed, veral wanneer ons vir God vra om mense uit duisternis en sonde te bevry.

Ons weet almal dat die grense van die bose elke dag uitbrei en fatalistiese empatie veroorsaak dat daardie grense elke dag groei, omdat geen teenstand gebied word nie. Christene *moet* die werking van die bose teenstaan. Ons is gebore vir hierdie stryd! Elke Christen is 'n soldaat, 'n "lid van God se weerstand",

verbind tot geestelike oorlogvoering. Die oomblik wat ons sig hiervan verloor, word ons aksies doelloos en ons fokus wasig. Ons vergeet hoekom ons gebore is en waarom ons opgelei en toegerus word vir die strydveld en ons sterf sonder om ooit te weet waarom ons geleef het. Die belangrikste is dat ons nooit die taak wat ons gestuur was om te doen, voltooi nie.

Dit is 'n feit dat Christene in die vyand se grondgebied leef. Satan het in die wildernis vir Jesus al die koninkryke van die wêreld met al hul glorie aangebied. Jesus het nie ontken dat die wêreld onder vreemde besetting is nie. Die wêreld is onder Satan se beheer en sy plan is om seker te maak dat almal hom aanbid. Ons werk is om die wêreld terug te gee aan sy regmatige eienaar – God. Ons word vertrou met die verantwoordelikheid om God se Koninkryk te bevorder. Die duiwel sal alles in sy vermoë doen om hierdie doelwit teen te werk.

***Ons werk is om die wêreld terug te gee aan sy regmatige eienaar – God.***

Hier is 'n paar feite rakende hierdie geestelike oorlog:

- Die kerk en die wêreld is dodelike vyande.
- Dit wil voorkom of die bose suksesvol was, maar Christus sal uiteindelik die oorwinning behaal.
- God se hand, hoewel onsigbaar, is aan die werk.
- Gebed beweeg die onsigbare hand van God.

Ons, as die liggaam van God, moet saamstaan en die wapens opneem teen Satan. Ons het die outoriteit om sy mag uit te daag, met al die hulpbronne wat God vir ons gegee het. In Efesiërs sê Paulus vir ons om die volle wapenrusting van God aan te trek "sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel" (Efesiërs 6:11). So ons maak die gordel van waarheid om ons heupe vas, maak die borsharnas van vryspraak vas, en as skoene trek ons die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig aan ons voete. Ons hou die skild van geloof in ons hand, sit verlossing as helm op, en vat die swaard van die Gees, wat die Woord van God is.

***Christene moet die bose teenstaan. Ons is gebore vir hierdie stryd!***

Dit is waar ons gewoonlik ophou, aangetrek vir die stryd en besig om te poseer asof ons geskilder word. Maar dit is nie waar Paulus se instruksies eindig nie. Hy gaan voort: "Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid..." (Efesiërs 6:18). Nou is ons op die strydveld. Gebed is die strydveld. Ten volle gewapen, volhard ons om te "bid vir al die gelowiges." (Efesiërs 6:18).

Hier vra Paulus vir gebed vir homself, sodat hy manmoedig die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid bekend sal kan maak (Efesiërs 6:19). Dit is 'n gebed wat almal van ons nodig het. Ons moet vir mekaar bid, sodat ons getrou sal wees om die evangelie in ons gemeenskappe en verder te verkondig. Ons sendelinge het nodig

dat ons vir hulle sal bid dat hulle manmoedig die Goeie Nuus van die Koninkryk sal kan verkondig. Ons vervolgde broers en susters het ons gebede nodig om getrou in hul liefde vir hul vervolgers te bly en Christus met hul vervolgers te deel.

Maar werk dit regtig? Jakobus skryf: "Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug" (Jakobus 4:7). Ons weerstaan die duiwel deur middel van gebed. Tydens die eerste Wêreld Evangelisasie Kongres in 1966 in Berlyn, het sendeling Rachel Saint onderhoude gevoer met lede van die Aucada Indiese stam in Sentraal-Amerika. Hulle was wreedaardige krygsmanne wat haar broer en vier ander sendelinge doodgemaak het toe hulle probeer het om hulle te bevriend. Maar die liefde van Jesus het hierdie manne verander. Nadat Rachel hulle gevra het om hul stories te deel, het sy hulle gevra wat hul gunsteling Bybelvers was. Die mans het vir 'n oomblik saam hieroor nagedink, en een man het toe met 'n grynslag geantwoord, "Satan, gaan uit en moet nooit weer terugkeer nie!" Dit is die pragtige parafrase van Jesus se woorde aan 'n duiwelbesete seun in Markus 9:25. Daardie krygsmanne was reg: ons besit die outoriteit om Satan en sy trawante van die toneel te laat verdwyn, sodat die Koninkryk van God nog 'n deel van die vyand se gebied kan inneem.

Moet nooit hierdie feit vergeet nie: ons deel die liefde van God met mense wat gyselaars van Satan is in 'n wêreld wat onder sy beheer is. Gebed is die hulpmiddel waardeur ons hierdie gyselaars bevry.

## NEEM AKSIE

Watter bewys van geestelike oorlogvoering sien u in u eie lewe, in u familie, en in u gemeenskap? Wat sê dit vir u oor die wyse waarop ons moet bid?

Dink na oor hoe hierdie stryd die lewens van vervolgde Christene regoor die wêreld beïnvloed. Hoe sal dit die wyse waarop u vir hulle bid verander?

***Die stryd vir verlore siele word gewen deur gebed en voorbidding. Gebed is die oorlogstryd. Evangelisasie is nie die poging om die stryd te wen nie – dit is die opruimingsoperasie. Die fisiese besittings van die kerk, die geboue, organisasies en programme is die trokke wat ons op die oorlogsveld bestuur om die oorlogsbuit van die oorwinning wat deur intersessie gewen is, op te laai.***

Ronald Dunn

# 4. 'n Nuwe Tyd vir Daaglikse Gebed

*Om hande saam te sit in gebed, is die begin van 'n opstand teen die warboel van die wêreld.*

Karl Barth

# 4. ’n Nuwe Tyd vir Daaglikse Gebed

***Gebed is die aksie om die werklikheid vanuit God se oogpunt te sien.***

Philip Yancey

In 1 Tessalonisense 3:10 sê Paulus dat hy dag en nag ernstig bid. Hoe is dit moontlik dat Paulus so hard werk in ‘n bediening en steeds konstant bid? Dit blyk vandag selfs ’n groter uitdaging te wees met ons besige skedules en die konstante toegang tot e-pos en selfone. Ons kan slegs op hierdie wyse bid as ons die onbeperkte geleenthede waaroor ons beskik, herken. Elke onderbreking is eintlik ’n geleentheid om te bid. ’n E-pos kan jou aanspoor om vir ’n vriend te bid. ’n Telefoonoproep beteken dat jy ’n vraag kan vra en luister om te hoor of daar ‘n nood in die persoon wat gebel het, se lewe is.

Ek vind ook dat die daaglikse nuus op televisie baie gebedspunte kan verskaf. In Januarie 2009, oor 'n periode van drie weke, het ek die berigte gevolg van hoe Israel probeer het om vuurpyle wat Hamas daagliks op hul stede gevuur het, te probeer afweer.

Dit is nie my doel om kant te kies in hierdie konfliksituasie nie. Maar terwyl ek na die berigte gekyk het, was my eerste bekommernis, *Hoe gaan dit met ons broers en susters?* Ek het gedink aan 'n Christendokter wat in Gasa se grootste hospitaal werk. Ek het gewonder hoe hy die oorweldigende toestroming van dooie en beseerde Palestyne hanteer. Ek het ook gedink aan die weduwee van die Bybelboekwinkelbestuurder, Rami, wat deur Moslem fundamentaliste in Oktober 2007 doodgemaak is – of sy daartoe in staat was om binne 'n oorlogsone na drie klein kindertjies om te sien, insluitend 'n baba wat vier maande na haar man se dood gebore is?

Tydens daardie Januarie-aanval het een van Israel se vuurpyle Gasa se sentrale polisiestasie getref, waar 'n gradeplegtigheidseremonie vir 'n groep nuwe polisiemanne besig was om plaas te vind. Meer as veertig mense het gesterf. Baie lyke het buite die stasie op straat gelê – voor die Gasa Baptiste Kerk.

Gasa is 'n klein strook land, net 30 myl lank en 7 myl breed, met 1.5 miljoen mense, waarvan byna almal Moslems is. Daar is slegs een klein Evangeliese Kerk in die hartjie van Gasa Stad wat die beraamde 2,000 Christene bedien. Beide ek en

Al het al daar gepreek en gemeentelede bemoedig te midde van hul gevaarlike situasie. Hulle is vasgekeer tussen die magte van Hamas, Fatah en die Israeli-weermag.

Ons albei het gedink aan al die broers en susters saam met wie ons aanbid het. Van hulle het Gasa verlaat nadat Rami vermoor is. Die pastoor en sy vrou het ‘n sabbatsverlof geneem. Die kerk se bywoningstal het gedaal tot slegs ’n handjievol gelowiges. Dinamiese bedieninge wat in die verlede vanuit hierdie kerk gevloei het – Awana klubs, jeugkampe, leierskapsopleiding vir Palestynse beamptes, en vele meer – het doodgeloop. Nou dit– hoeveel Christene sal Gasa nog verlaat nadat die inval verby is? Sal daar nog ’n kerk oorbly? Al hierdie gedagtes het veroorsaak dat ons gebid het – telkemale gedurende die dag.

Dit is slegs een voorbeeld van hoe die daaglikse nuusberigte betekenisvolle inhoud vir gebed kan bied. Ons glo natuurlik daaraan om spesifieke stiltetyd opsy te sit – vir ons is dit meestal vroeg in die oggend. Maar ons hou ook daarvan om vriende aan te moedig om nog ’n toegewyde tyd vir gebed te oorweeg – wanneer hulle die koerant lees of die nuus op televisie kyk. Die nuus bied die geleentheid om Paulus se vermaning van “bid sonder ophou”, te beoefen.

Wanneer ek die nuus kyk, veral die internasionale nuus, is daar twee vrae wat ek altyd vra. Eerstens, “Is daar ’n kerk?” Daar is

amper altyd 'n kerk in die streek waaroor die nuusberig gaan, selfs binne die Islamitiese wêreld. In baie Moslemlande bestaan daar al vir 2,000 jaar reeds 'n kerk. Vandag mag daardie kerke dalk swak wees, maar hulle bestaan steeds en is 'n dowwe lig in die duisternis.

Die tweede vraag is, "Hoe sal díe nuus die kerk affekteer?" As die berig handel oor 'n aardbewing of tsunami of een of ander natuurlike ramp, dan ly ons boeties en sussies saam met die res van die bevolking. As die nuusberig polities van aard is, sal dit Christene affekteer, meestal op 'n negatiewe wyse. As die nuusberig 'n konflik behels, mag die kerk in die kruisvuur vasgekeer wees. In al die gevalle het ons broers en susters ons gebede nodig.

Hoeveel mense het vir die kerk gebid toe Irak deur Amerika en die koalisie magte ingeneem is om Saddam Hussein tot 'n val te bring? Ons moes gebid het, want hierdie konflik het al rampspoedige nagevolge gehad. Meer as helfte van die geskatte agthonderd duisend Christene wat daar gewoon het, is ontwortel sedert die inname. Moslem fanatici het kerke gebrand, Christene ontvoer vir buitensporige lospryse, en van hulle vermoor om hul huise en besighede te steel. Baie van die Christene het briewe ontvang wat hulle in kennis gestel het dat hulle minder as vier-en-twintig uur het om hul huise te ontruim, wat dan deur Moslems oorgeneem word. Christene het na Sirië en Jordanië gevlug of het hulself in

vlugtelingskampe in die noordelike Koerdiese streek gevestig.

Dit is 'n verdere voorbeeld van hoe die huidige gebeure in 'n land, waarvan ons oor die nuus hoor, ons Christen broers en susters affekteer. Al ken ons baie keer nie al die besonderhede nie, kan ons steeds vir hulle bid. Hoe kan ons dit doen? Daar is een gebed wat die kerk al vir meer as 2,000 jaar gebruik: "Here, wees genadig." Soos ons bewus word van onrus en tragedies, prewel ons hierdie gebed."Here, wees diegene wat ly genadig. Here, wees ons broers en susters wat geraak word deur hierdie situasie genadig." Met hierdie woorde erken ons, ons hulpeloosheid en ons behoefte daaraan dat God sal ingryp en 'n situasie wat vir die bose beskore was, ten goede sal gebruik.

Nog 'n gebed wat ons kan gebruik is 'n uittreksel uit die Onse Vader: "Laat U wil geskied in hierdie situasie, soos in die hemel." Weereens mag ons dalk nie weet wat die spesifieke nood is nie, maar ons kan vra dat die Koninkryk van God sigbaar sal word in daardie plek.

Soms vind ons dat ons niks kan sê nie, tog bid ons soos wat Paulus in Romeine gesê het: "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by...die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie" (Romeine 8:26). Op hierdie wyse identifiseer ons met God en Sy skepping wat hunker dat dit wat verkeerd is, herstel sal word.

Beide van ons is beïnvloed deur die voorbeeld van Broer Lawrence, 'n sewentiende-eeuse monnik wat gesê het dat tyd vir besigheid nie verskil van tyd vir gebed nie. "In die geraas en rommel in my kombuis, terwyl verskeie persone tegelykertyd roep vir verskillende dinge, beskik ek oor God se kalmte, asof ek op my knieë is." Op dieselfde manier kyk ek na die gebeure van die wêreld en dan herinner ek myself daaraan dat God in beheer is. Ek kan op my eie bid oor hierdie situasie, óf by 'n gebedsbyeenkoms, óf terwyl ek na die joernalis se grusame berig luister.

***Elke onderbreking is eintlik 'n geleentheid om te bid.***

Nog 'n manier om te bid deur van nuusberigte gebruik te maak, word deur Joshua gedemonstreer toe die Israeliete die Beloofde Land begin verower het. Die feit dat God die land aan hulle beloof het, wys dat dit deel van Sy plan was. Kanaän was vir Israel bedoel. Joshua moes hulle tot 'n oorwinning lei. Natuurlik sou daar menslike probleme wees, maar die finale resultaat sou dieselfde wees, want God het dit so verklaar.

Gedurende die eerste suksesvolle stryd in Jerigo, het Israel 'n groot fout begaan – hulle het gewyde items gesteel. As gevolg hiervan het ses-en-dertig mans by Ai gesterf. Joshua het tot God uitgeroep en sy ervaring as 'n intersessor getoon toe hy die volgende stelling gemaak het: "...Wat sal U dán doen om die grootheid van U Naam te verseker?" (Joshua 7:9).

Verstaan u wat Joshua gedoen het? As hy vandag besig was om te bid, sou hy God gevra het: “As die kerk in China verlore is, of as daardie gelowiges in Indonesië sou omkom, of as die Kerk in Gasa sou doodloop, wat gaan U, God, dan doen vir U groot Naam?” U kan dieselfde pleit: “God, vir U glorie in die wêreld, vir U groot Naam’s onthalwe, versterk U Kerk wat vervolg word.”

U het geen idee watter geweldige invloed u op die hemele en op wêreldgebeure kan hê as u ’n ware intersessor sou word en vir die daaglikse nuusberigte sou bid nie. Oorloë kan stopgesit word. Die rigting van ’n hele nasie kan verander word deur een persoon wat vir God sê, “Wat sal U dan doen vir U groot Naam?”

***Die rigting van ’n hele nasie kan verander word deur een persoon wat vir God sê, “Wat sal U dan doen vir U groot Naam?”***

Toe ek eenkeer in die hospitaal was, het iemand ’n vrugtemandjie saam met ’n “Word-gou-gesond”-kaartjie langs my bed afgelewer. Die kaartjie het die teks van Filippense 1:12 opgeskryf gehad: “...wat my oorgekom het, het juis die verkondiging van die evangelie bevorder...” Dit is steeds God se primêre besorgdheid. Die evangelie kan uitgebrei word, maak nie saak wat die situasie is nie: inflasie, werkloosheid, siekte, natuurrampe, ongelukke.

Die apostel Petrus het hulle 'n "vuurproef" genoem (1 Petrus 4:12). Sulke beproewings kan ons vernietig of goud openbaar. "...as Hy my toets, is ek suiwer soos goud," het Job gesê (Job 23:10).

Die volgende moet dus ons gebed wees – dat die beproewings wat ons evaar of ander sien ervaar, God se Koninkryk sal uitbrei; dat ons, as Sy kinders wat ly, deur die smeltoond van beproewing sal gaan, en soos goud daar sal uitkom.

## NEEM AKSIE

Lees ten minste een keer per week die plaaslike nuus in u daaglikse of weeklikse koerant en bid vir die individue en situasies wat u aandag trek.

Kies een van die volgende en doen dit minstens een keer per week:

Lees die internasionale deel van 'n koerant of 'n nuustydskrif en bid vir die kerk in die lande wat genoem word.

Beplan om 'n nasionale nuusprogram vir 'n halfuur te kyk en bid dan vir die kerk in die lande wat genoem word.

Indien u heen en weer van of na die werk ry, luister vir dertig minute na 'n nuusstasie of nuusprogram en bid vir die kerk in die lande wat genoem word.

***Dit is nie ’n lafhartige daad om te bid nie; dit is die enigste manier om in aanraking te kom met die werklikheid.***

Oswald Chambers

# 5. Word 'n Intersessor

*Intersessie is nie 'n petisie nie. Intersessie is 'n posisie. Dit is nie iets wat ons doen nie – dit is wie ons is. Dit is nie 'n oefening wat ons tydens 'n sekere tyd van die dag doen nie – dit is 'n leefwyse.*

Ronald Dunn

# 5. Word 'n Intersessor

***Deur middel van intersessie rig God 'n persoonlike, hand-gegraveerde uitnodiging aan elkeen van ons om op 'n intieme wyse betrokke te raak by die welstand van ander.***

Richard J. Foster

Besef u dat Christenskap die enigste geloof is waar u met God mag verskil? Een van die duidelikste illustrasies van hierdie tipe gebed word in Eksodus 32 gevind, waar God se eie volk Sy uitdruklike bevele verontagsaam en Hom verlaat en hul wend tot afgodery. Hulle het Aäron onder druk geplaas om "...vir ons 'n god te maak dat hy ons kan lei" (Eksodus 32:1).

Natuurlik was God woedend, want hulle werk Sy primêre plan en doel vir Israel teë – om die weg te baan vir hul komende Koning. God is so kwaad, dat Hy vir Moses sê, "Moet My nie

probeer keer nie. Ek is toornig op my volk en Ek wil hulle vernietig…" (Eksodus 31:10). Dit is duidelik dat God klaar is met Israel. Hy is klaar met die volk in wie Hy so baie belê het.

Soos ons verder lees, ontdek ons iets onverwags. God hou 'n wortel voor Moses se neus: "…Vir jou sal Ek dan tot 'n groot nasie maak" (Eksodus 32:10). Geen mens in die geskiedenis, behalwe Abraham, het al ooit só 'n aanbod ontvang nie. Ek wonder of enigeen van ons wat voor God te staan sou kom, so 'n aanbod sou kon weier.  Dit is verbasend dat Moses nie die eer aangegryp nie. In plaas hiervan pleit hy by God: "… Here, waarom is U toornig op u volk vir wie U deur u groot mag en met kragtige dade uit Egipte bevry het? … Laat u toorn bedaar en wees u volk genadig. Moet tog nie díe ramp oor hulle laat kom nie" (Eksodus 32:11-12).

Dit is 'n klassieke beeld van intersessie. Onbewus van die wêreld om hom, het Moses slegs een brandende begeerte gehad: *Ek moet by God uitkom. Dit is die enigste hoop vir my mense, om op die een of ander manier Sy toornigheid weg te keer. Ek moet Hom oortuig om van besluit te verander!* Moses staan tussen God en Israel. Hierdie is 'n kragtige demonstrasie van wat een man deur gebed kan doen.

Daar is egter iets waarop ons moet let. 'n Paar jaar gelede toe ek Eksodus 32 gelees het, het ek iets ontdek wat ek nog nooit vantevore raakgesien het nie. In vers 11 in die Nuwe vertaling staan geskryf, "Maar Moses het by die Here, sy God, gepleit en

gesê...." Ongelukkig is daar geen aanduiding in hierdie vertaling van die intimiteit tussen God en Moses nie. Eugene Peterson interpreteer die vers in Die Boodskap soos volg: "Moses het probeer om sy God te kalmeer."(Vrye vertaling)

Toe ek die Hebreeuse teks bestudeer, het ek agtergekom dat die intimiteit tussen God en Moses nog dieper as dit was. As ek die vers letterlik moes vertaal sou dit soos volg gelees het: " Maar Moses het die plooie in die gesig van Jehovah uitgestryk."

Dit is verstommend! Moses was so na aan 'n woedende God dat hy Hom kon sien en Hom kon aanraak. Moses kon in God se gesig die diep plooie wat algemeen sigbaar is op die gesig van 'n woedende persoon, sien. En dan het Moses nog die vermetelheid gehad om sy hand uit te reik en aan God se gesig te raak.

Wat het in Moses se hart gebrand dat hy so na aan 'n woedende God wou kom? Vanuit ons perspektief lyk dit ongelooflik gevaarlik. As Moses nie versigtig was nie, kon God hom ook uitwis. Maar Moses het sy God geken. Hy was intiem met God. Hy het nie God "gevrees" in die sin om bang te wees vir Hom nie. In Eksodus 33:11 sê dit dat God met Moses direk gepraat het "...soos 'n man met sy vriend." Dit is intiem!

Verder was Moses regtig lief vir sy mense. Hy het so baie vir hulle omgegee dat hy bereid was om vir hulle te sterf. Moses het by God gepleit om die sondes van Israel te vergewe. "...As dit nie kan nie,

moet U my naam maar uitvee uit die boek wat U geskrywe het" (Eksodus 32:32). Moses was bereid om 'n offerande vir die mense te wees, indien dit hul verlossing sou beteken. Ons weet egter dat God 'n ander plan gehad het. Eeue later sou Jesus kom en daardie plaasvervangende offerande wees.

Oor die afgelope jare het ons vasgestel dat die mees uitdagende deel van gebed of anders gestel, ware intersessie, is om die mense vir wie ons bid met opofferende deernis lief te hê. Ek sê gereeld dat die klaskamer van gebed in die skool van lyding geleë is. Soos my Koningin Beatrix in haar Kersboodskap aan die nasie gesê het: "Jy sien dinge anders deur oë wat gehuil het." Dit is die uitdaging – om die behoeftes van die mense vir wie ons bid te verstaan en terselfdertyd ook die hart van God te ken. Intersessie bind beide hierdie dele saam.

Die apostel Paulus het hierdie waarheid verstaan toe hy in Romeine 9:3 skryf dat hy bereid was om sy eie verlossing prys te gee, as sy Joodse broers en susters vergewe kon word. Daar was geen teken van rebelsheid in die gebede van Moses of Paulus nie, slegs 'n diepe liefde en 'n bereidheid om saam met Christus te ly, namens sondige mense.

***As ons ware verandering in ons wêreld wil sien, moet ons bereid wees om op te offer.***

Net twee dinge is nodig vir intersessie: intimiteit met God en 'n bereidheid om jou lewe te gee vir

diegene vir wie jy bid. As ons ware verandering in ons wêreld wil sien, moet ons bereid wees om op te offer. Ja, die versoenende offerande van Jesus Christus was volkome en voldoende om alle mense te verlos, maar Hy roep ons om mekaar lief te hê. "...Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê" (Johannes 13:34). Jy kan dit hieraan meet: "Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê" (Johannes 15:13).

Daar is baie op die spel. As ons waarlik wil hê dat ons gebede, ons intersessie vir geliefdes naby en ver, 'n verskil moet maak, dan moet ons bereid wees om die opoffering te maak. Hoe belangrik is dit? Wat is ek en u bereid om te doen? Ons mag dalk nie ons lewens neerlê nie, maar ons gaan iets moet opoffer. Is ons bereid om veranderinge aan ons skedules te maak, sodat intersessie deel van ons daaglikse roetine kan word? Is ons bereid om onsself daartoe te verbind om op hoogte van moeilike omstandighede regoor die wêreld te bly? Is ons bereid om die emosionele las van die lyding wat ons broers en susters regoor die wêreld daagliks deurmaak, te dra? En is ons bereid om in gebed te volhard, selfs wanneer ons nie God se antwoorde sien of eers daarvan bewus is nie?

> ***Slegs twee goed is nodig vir intersessie: intimiteit met God en 'n bereidheid om jou lewe te gee vir diegene vir wie jy bid.***

Dié wat bereid is om hul lewens aan te pas

om intersessors te word, is die mense wat God sal gebruik om die Koninkryk van die Hemel regoor die wêreld te bevorder.

## NEEM AKSIE

As u kerk een of meer sendelinge ondersteun, gebruik tyd om meer van hulle te leer (miskien deur middel van hul nuusbriewe) en bid vir hulle. Vra God om aan u te openbaar hoe Hy wil hê u vir hulle moet intree.

Het God 'n spesifieke land waar Christene vervolg word op u hart geplaas? Sit 'n spesifieke tyd opsy om tussen hierdie broers en susters en God te staan.

***Om die felheid van God se weë in die naam van Sy liefde te weier, was 'n outentieke vorm van gebed. Waarlik die ou profete van Israel was nie in die gewoonte om met God se felle oordeel saam te stem nie en het nie eenvoudig hul kop geskud en gesê, "Laat U wil geskied nie." Hulle het Hom gereeld uitgedaag, asof hulle wou sê, "Laat U wil verander."***

Abraham Joshua Heschel

# 6. Gebruik die Swaard

*Bybelse gebed is voorbarig, voortdurend, skaamteloos, onwelvoeglik. Dit is meer soos 'n geredekawel in 'n buitelug basaar as die beleefde monoloë van die kerk.*

Walter Wink

# 6. Gebruik die Swaard

Hoe bid ons betekenisvol vir mense wie ons nie baie goed ken nie? As ons 'n gebedsversoek in die kerk of via e-pos ontvang, weet ons dalk wat die nood in die algemeen is, maar beskik oor min of geen besonderhede nie. Dit is selfs nog 'n groter uitdaging om vir sendelinge of vervolgde Christene te bid as ons dikwels so min inligting oor hulle het. Hoe bid ons spesifiek, eerder as oppervlakkig? 'n Waardevolle stuk gereedskap vir gebed is die Woord van God. Dit is die swaard waarvan Paulus skryf in Efesiërs 6 en ons moet dit daagliks gebruik.

Deur die Woord van God te gebruik, sê ons letterlik vir God wat om te doen. Net soos Moses vir God uitgedaag het, gebaseer op Sy beloftes aan Abraham, Isak en Jakob (Eksodus 32:13), kan ons met God argumenteer, gebaseer op Sy geopenbaarde beloftes.

Voor u te onsteld raak en vir my vertel dat

ek sopas die boodskap in hoofstuk 2 weerspreek het, laat ek verduidelik wat ek bedoel. Een van my dierbaarste vriende was Corrie ten Boom. Corrie was 'n passievolle intersessor; haar erns en opgewondenheid was aansteeklik. Jy kon nie saam met haar bid, sonder om deur die ervaring verander te word nie.

***Deur die Woord van God te gebruik, kan ons letterlik vir God sê wat om te doen.***

Sy het God baie keer tydens daardie lewendige gebedsessies herinner aan Sy beloftes. Sy sou 'n uitstekende prokureur gewees het. Sy het haar Bybel gegryp en deur die bladsye geblaai totdat sy die presiese gedeelte gevind het om haar gebed te versterk. Dan het sy haar Bybel in die lug gehou, na die vers gewys en in haar sterk Nederlandse aksent gesê, "Hier, Here – lees dit self!"

Ek is seker God was mal daaroor. Hy hou daarvan as ons Hom goed genoeg ken om op daardie manier met Hom te praat. Corrie het nie oor 'n vals vroomheid of wettiesheid beskik nie. Sy het ook nie 'n behoefte gehad om enige iemand anders as haarself te wees nie. En, soos sy Hom gereeld herinner het, het sy nie vir God enigiets gevra wat Hy nie reeds belowe het nie. So sy het nooit gehuiwer om vir Hom te sê wat om te doen nie en Hom dan te bedank wanneer Hy dit doen nie. "Ek het geweet U sal dit doen!" het sy gesê. "Ek het dit net *geweet*!"

U mag dalk wonder hoekom ons tot God moet bid en Hom moet vra om Sy beloftes te vervul, as Hy dit dan reeds belowe het. Ek glo dat God se profetiese wil nie kan plaasvind nie, al is dit hoe duidelik in die Skrif uiteengesit, as daar nie aan Sy voorwaardes voldoen word nie. Een van daardie voorwaardes raak die gebede van Sy mense. Neem as voorbeeld die duidelike belofte oor die ballinge wat terugkeer na Jerusalem: "So sê die Here: Oor presies sewentig jaar sal Ek Babel straf en julle onder my sorg neem en dan sal Ek my belofte nakom om julle hier na Jerusalem toe terug te bring" (Jeremia 29:10). Sewentig jaar! God se plan was duidelik vasgestel. Jeremia het dit geprofeteer. Die tyd was bepaal.

Amper sewentig jaar later het Daniël die profesie wat God aan Sy mense gemaak het, dat Hy hulle terug na hul land sal neem, onthou. Dit het op daardie stadium heeltemal onmoontlik gelyk. Jerusalem was 'n puinhoop en Israel was in ballingskap in 'n ver land. Daniël het in drie opeenvolgende regerings in hoë posisies gedien. Teen hierdie tyd moes hy amper negentig jaar oud gewees het en het miskien nie meer 'n besluitnemende leierskapsrol gehad nie. Maar toe hy die implikasies van die profesie begryp het, het hy as 'n intersessor reageer. "Daarom het ek my na die Here God gewend in gebed en smeking," skryf Daniël, "ek het gevas, rouklere aangetrek en as oor my kop gegooi" (Daniël 9:3).

Een van die vereistes van 'n intersessor is om onverdeelde aandag aan God te gee. Jy kan nie

toelaat dat jou planne of jou belangstellings of selfs jou probleme, jou primêre aandag geniet nie. Jy moet net op die God wat jy dien konsentreer. Daniël wat soos 'n prins in die paleis van die koning geleef het, was so vasbeslote oor sy opdrag dat hy al sy pragtige klere uitgetrek het en vir hom sakklere aangetrek het, terwyl hy gebid en gevas het. Dit klink 'n bietjie oordadig. Hoekom sulke "fanatisme"? God het tog gepraat – dit was 'n feit. So waaroor is Daniël bekommerd? Hoekom is hy so ontsteld oor die saak?

***God se profetiese wil, maak nie saak hoe duidelik dit in die Skrif uiteengesit is nie, kan nie gebeur totdat daar aan Sy voorwaardes voldoen is nie.***

Dit is waaroor alles gaan: God het steeds 'n man nodig gehad om te doen wat Hy gesê het gedoen moet word tussen die profesie en die vervulling daarvan. 'n Tyd van belydenis en intersessie was 'n vereiste. God se profetiese wil, maak nie saak hoe duidelik dit in die Skrif uiteengesit is nie, kan nie gebeur totdat daar aan Sy voorwaardes voldoen is nie. Terwyl Daniël gebid het, en sy sondes en die sondes van sy mense bely het, "...en by die Here my God pleit vir Sy heilige berg" (Daniël 9:20), het die engel Gabriël na hom toe gekom met 'n boodskap. God se boodskapper het verduidelik, "Daar is sewentig tydperke vir jou volk en vir jou heilige stad vasgestel. In dié tyd sal daar aan die goddeloosheid en die sondes 'n einde gemaak word en sal daar versoening gemaak word vir die oortredinge. Dit is die tyd waarin 'n blywende geregtigheid tot stand gebring sal word, waarin die

profesie en die visioen tot vervulling sal kom en die tempel heringewy sal word" (Daniël 9:24). Gabriël gee vir Daniël en vir ons die groter prentjie. Die Israeliete sou terugkeer na Jerusalem soos beloof, maar dit was nie die einde nie. Daniël het deur die manier waarop hy gebid het, meer as sy versoek ontvang. Hy het geleer van die komende Messias wat 'n einde aan sonde sou bring.

'n Waardevolle Skriftuurlike wapen vir intersessie is die Psalms. Wanneer ons nie weet wat om te bid nie, help hierdie antieke gebede en lofsange ons, om ons uitroepe tot God om die planne van die bose wêreld teen te werk, uit te druk. "Heidene het u land binnegedring, o God,..." skryf Asaf in Psalm 79:1. Ek voel dikwels so oor wat met die kerk oor die wêreld heen besig is om te gebeur. Dan bid ek saam met die psalmdigter: "Help U mense wat vervolg word, o God ons Redder, ter wille van die eer van U Naam; verlos hulle en vergewe hul sondes om U Naam's ontwil. Waarom sou die nasies sê, 'Waar is hul God nou?' ... Slaan tog ag op die versugtinge van my broers en susters wat in die gevangenis is; laat deur U groot mag dié wat ter dood veroordeel is, behoue bly." (Vrye parafrase van Psalm 79:9)

Al het die gewoonte om een of meer Psalms daagliks vir die twintig broers wat besig is met hul opleiding soos ons in hoofstuk 1 genoem het, te bid. "By U, Here, skuil ek," sê Dawid in Psalm 31:2. Al gebruik dit om soos volg te bid: "Mag my broers en susters vandag by U, Here, skuil." Later in die Psalm praat Dawid oor sy angs: "...van verdriet het my oë swak geword, ja, alles in my. My lewe vergaan van

kommer en my jare van swaarkry... Ek is die spot van al my teëstanders, veral van my bure,..." (Psalm 31:10-2). Dit is dikwels die situasie waarin ons broers hul bevind. As Moslems wat nou volgelinge van Jesus geword het, word hulle deur baie van hul familielede en die gemeenskap verag. Is dit te veel gevra om jou te verbeel dat hul oë swak word van verdriet? Baie van die Psalms het soortgelyke sentimente wat ons vandag kan aanwend as gebede vir mense wie ons ken. Ons kan die Psalms oor onsself, ons naaste vriende en familielede, en vir diegene daar ver, wie se situasies nie duidelik is nie, bid.

Nog een ding: somtyds sal God die behoefte in jou gedagtes plant om vir iemand spesifiek te bemoedig met Skrif wat jy gelees of gebid het. Daar is 'n broer in die Moslemwêreld vir wie ons albei op 'n daaglikse basis intree. Hierdie man het onlangs 'n dapper, nuwe inisiatief begin wat Bybels in Islamitiese instellings sal plaas. Baie van dié skole was dankbaar – hulle wou in primêre bronne delf om te leer wat Christene glo. Hulle motief sal ongetwyfeld wees om beter getuies van Islam te wees. Maar sommige van die instellings was kwaad oor hierdie aanbod. Ons broer het dreigemente ontvang.

Al het een oggend uit Eksodus 5 en 6 gelees. God het vir Moses opdrag gegee om Egipte toe te gaan en by die farao te eis dat hy die Israeliete bevry. Die farao se eerste reaksie op die boodskap was een van woede en 'n vermeerdering in die werkslading van die Israeliete. Hulle het op hul beurt by Moses gekla. In plaas daarvan om hulle te bevry, het Moses se boodskap hul situasie vererger. Die tien plae en

die baie wonderwerke wat God vermag het, moes nog kom. Al het gevoel dat dit dieselfde situasie was waarin ons vriend hom bevind het. Wanneer ons God se leiding aanvanklik volg, lyk dit asof ons pogings die situasie vererger. Ons sien eers later God se hand raak. Nadat Al vir ons vriend gebid het, het hy vir hom 'n kort e-pos gestuur om hom te herinner aan díe gedeelte en hoe dit hom geïnspireer het om vir hom te bid en ons vriend te bemoedig om te volhard te midde van die beproewing.

Dit neem nie lank om 'n een-tot-twee-sin bemoedigingsnota te skryf nie. Dit is 'n ander manier waarop 'n intersessor kan bedien – deur nou en dan vir die persoon te sê dat jy vir hom of haar bid.

## NEEM AKSIE

Bid daagliks in die volgende week 'n Psalm namens iemand vir wie jy intree. Skryf 'n kort nota van bemoediging vir hierdie persoon om hom of haar te verseker van u gebede.

***Die Psalms bied 'n nuttige patroon om woede uit te druk wat die Kerk gereeld probeer onderdruk... Op 'n basiese vlak help die Psalms my om dit wat ek glo oor die lewe te versoen met dít wat ek in die lewe ervaar... [Die Psalms] bevat die benoude joernale van mense wat in 'n liefdevolle, genadige, getroue God wil glo, terwyl die wêreld aanmekaar om hulle, in duie stort.***

Philip Yancey

# 7. Bid Saam, Nie Net Vir Nie

*Wie kan sê watter krag 'n kerk kan ontwikkel en uitoefen, as sy haarself dag en nag aan die werk van gebed vir die koms van die Koninkryk, vir die krag van God aan Sy dienaars en Sy woord, vir die verheerliking van God in die verlossing van siele, gee?*

Andrew Murray

# 7. Bid Saam, Nie Net Vir Nie

'N Paar jaar gelde het Al 'n groot gebedsbyeenkoms in Cairo bygewoon. Elke Maandagaand het meer as agthonderd mense, meestal jong volwassenes, by een van die hoof Protestantse kerke in die stad bymekaargekom vir drie ure van gebed. Behalwe vir 'n kort tien minute meditasie wat deur die leier aangebied word, gebruik hulle díe tyd vir aanbidding en om vir hul land te bid. Hulle primêre versoek is dat die nasie hul tot Christus sal bekeer. Hulle bid dat miljoene Moslems in Egipte Jesus sal ontmoet. Dit is nie die enigste gebedsbyeenkoms in Egipte nie – daar is baie ander soos hierdie oral in die land.

Gedurende díe byeenkoms het een bidder hardop vanuit die profeet Jesaja gelees: "Dan sal die Here Hom aan die Egiptenaars bekendmaak, en

op daardie dag sal hulle Hom leer ken. Hulle sal die Here met diereoffers en met graanoffers dien, en hulle sal hulle geloftes aan Hom nakom" (Jesaja 19:21). Dit het baie mense aangemoedig om die vers en ander beloftes rakende Egipte in Jesaja, op te eis. Hulle het hul harte met passie uitgestort: "God, kom en genees Egipte soos U belowe het!"

Later het Al 'n gesprek met die pastoor wat hierdie byeenkomste help organiseer het, gevoer. Omdat daar 'n aanslag op sy lewe was, kan ons nie sy naam noem nie. Gebaseer op die beloftes in Jesaja 19, het die pastoor die volgende gesê, "Ons bid vir 'n ware ontwaking. Ons glo dat God Sy Heilige Gees oor ons nasie wil uitstort." Die pastoor het self al gesien dat God besig is hierdie gebede te beantwoord. "Ons moet Moslems liefhê en besef hoe lief Christus hulle het. 'n Paar jaar gelede het ek dit nie raakgesien nie. Maar onlangs het ek begin sien hoe Christene vir Moslems bid. Ons bid spesifiek vir visioene en drome, en sien elke dag hoe hierdie gebede beantwoord word. Christus is besig om Homself in visioene en drome te openbaar. Ons sien hoe Moslems na ons toe kom en vrae vra oor hul visioene."

Gedurende die gesprek het Al hom gevra hoe Westerse Christene vir hul broers en susters in Egipte kan bid. Die pastoor het soos volg geantwoord: "Moet asseblief nie vir ons bid nie. Bid asseblief saam met ons." Al het vir 'n verduideliking gevra. "As julle vir ons bid, sal julle vir die verkeerde dinge bid," het die pastoor gesê. "Julle sal bid dat die kerk veilig sal wees. Julle sal bid dat vervolging

moet ophou. Ons bid nie vir hierdie dinge nie. Ons vra God vir die redding van Egipte. Ons vra dat Hy miljoene Moslems na Christus sal trek. Ons vra dat ons manmoedig sal wees en duidelik sal oorkom wanneer ons, ons geloof met Moslems deel. En ons bid dat wanneer die onvermydelike vervolging kom – en daar sal 'n groot teenreaksie van fundamentaliste wees wanneer baie Moslems na Christus toe draai – ons nie sal weghardloop nie, maar dat ons getrou te midde van daardie vervolging sal wees, selfs al kos dit ons lewens. Sal jy jou vriende vra om hierdie gebede saam met ons te bid?"

Vir baie Christene is dit 'n nuwe manier van bid.

Die pastoor het sy gemeente en ons in die Weste aangespoor om in gebed te volhard. Hy het verwys na die gelykenis van die weduwee in Lukas 18 en gesê, "Jesus het Sy dissipels gewys dat hulle altyd moet bid en nooit moet opgee nie. Waarom kom ons Maandagaande bymekaar? Ons volharding beteken dat ons geen ander oplossing het nie. Ons volharding beteken dat ons lief is vir ons vriende en dat ons sal aanhou om namens hulle te pleit – vir die mense van hierdie land en die hele Arabiese wêreld. God sê deur die profeet Jesaja, 'Ek sal al die nasies en tale bymekaar bring en hulle sal kom en My glorie sien.' Glo ons dit? Kom ons neem groot gebede na God. Laat ons manmoedig wees."

> ***Ons volharding beteken dat ons geen ander oplossing het nie.***

Hierdie gesindheid is nie beperk tot Egipte nie. Al en sy vrou, Jo, het nog so 'n ervaring gehad toe hulle die drie broers wat in hoofstuk 1 genoem is, ontmoet het. Hulle het hierdie drie broers, wat daagliks hul lewens op die spel plaas om Christus te dien, gevra hoe ons vir hulle kan bid. Hier is hulle versoeke: vir dapperheid wanneer hulle, hul geloof deel, dat die kerk voortdurend sal groei – al die gelowiges in hierdie area is bekeerlinge vanuit Islam – en vir die vertaling van die nodige hulpbronne, sodat die kerk kan groei. Toe Al en sy vrou die ontmoetingsplek verlaat, was hulle aangeraak deur die onselfsugtigheid van hierdie gebedsversoeke. Hierdie broers het nie eers gevra vir gebed vir hulle veiligheid nie. Een van hulle is juis onlangs ernstig aangerand.

Dit is die hart van die vervolgde kerk: dat die evangelie sal groei. Laat ons vir hulle bid, want ons weet hierdie begeerte is in lyn met God se hart. Die apostel Petrus vertel ons dat God nie stadig is om sy belofte gestand te doen nie, veral nie in die konteks wat ons as "stadig" verstaan nie. "...Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer" (2 Petrus 3:9).

Natuurlik kan almal nie hierdie gelowiges persoonlik ontmoet, om hul versoeke aan te hoor soos ons gedoen het nie. Dit is waarom Geopende Deure maandeliks versoeke van die vervolgde kerk publiseer, sodat u hul harte kan leer ken. Hier is 'n paar onlangse versoeke van gelowiges in verskeie lande:

- **Bangladesj:** vir die verspreiding van Bybels onder die landelike kerke.

- **Bhoetan:** gelowiges honger na standvastige dissipelskap en Bybelse opleiding.

- **'n Land in Asië:** bid vir ses skoliere wat besig is met teologiese studies en wat beplan om 'n Moslembediening na hul gradeplegtigheid te betree.

- **Kenia:** bid vir kerkleiers en lede in 'n konflikgebied om dapper genoeg te wees om die Evangelie met plaaslike Moslems te deel.

- **Indië:** om die Christen-gemeenskap in Orissa, waar geweld duisendes gebroke gelaat het, te versterk.

- **Arabiese Skiereiland:** dat Bybelse flieks op die Internet deur baie jongmense wat selfone besit en soekend na die waarheid is, gesien sal word.

- **Iran:** vir verspreiding van Christelike literatuur binne die land.

- **Irak:** in Mosoel, dat verskeie dele van die bevolking in harmonie sal saamleef en dat die Christene sal leer om hul geweldenaars te vergewe.

- **Israel:** vir versoeningspogings tussen

Palestynse Christene en Messianse Jode.

- **China:** vir die dissipelskap van nuwe gemeentes wat na die groot aardbewing in Sichuan ontstaan het.

## NEEM AKSIE

Die bogenoemde lys verteenwoordig slegs 'n paar van die vele gebedsversoeke wat ons maandeliks van regoor die wêreld ontvang. Soos u dit lees, vra dat God vir u die hart van die mense agter die situasies sal wys. Bid dan saam met hulle vir die uitbreiding van die Koninkryk van God.

***Intersessie bied jou geen tyd of geleentheid om vir jou eie "hartseer self" te bid nie. Die gedagte aan jouself word nie buite gehou nie; want dit is nie daar om buite gehou te word nie; jy word geheel en al oorheers deur God se betrokkenheid in ander se lewens.***

Oswald Chambers

# 8. 'n Kardinale Vraag

*Dit is nie so waar dat "Gebed dinge verander nie", as dat gebed my verander, en ek dan gevolglik dinge verander nie; gevolglik moet ons dus nie vir God vra om dit te doen waarvoor Hy ons geskep het nie.*

Oswald Chambers

# 8. ’n Kardinale Vraag

***Die wêreld kan die Kerk in alles oorwin – behalwe dít: om die lewe van Christus uit te leef.***

Ronald Dunn

Soos ons in hoofstuk 4 gesien het, is ons geroep om konstant te bid. Maar as u besluit om dit te doen, moet u verstaan dat dit harde werk is. Dit is verder ook gevaarlik om ’n intersessor te wees. Ons sê dit nie om u te ontmoedig nie, maar eerder om u te waarsku. Al het vir die vervolgde kerk begin bid in die middel van die 1990’s en dit het gou deel van sy daaglikse roetine geword. Toe het iets gebeur. Gebed was nie meer genoeg nie – hy moes ook iets doen. Hy is daartoe gedring om betrokke te raak. Sy vrou het ook so gevoel en voorgestel dat hulle na ’n kleiner huis trek en hul lewens vereenvoudig, sodat hulle voorbereid kon wees op dit wat God wou hê hulle moes doen. Som-

mige van hul vriende kon nie verstaan hoekom hulle uit hul droomhuis wou trek na 'n kleiner huis nie – dis dan die teenoorgestelde van die Amerikaanse droom.

In 2001, kort na die 11 September-gebeure, het Al saam met my hande gevat om die vervolgde kerk in die Moslemwêreld te besoek. Die gevolg hiervan was verskeie geleenthede om individue te bedien, om te preek in verskeie kerke en hul te leer, en om twee boeke te skryf. Dit noop ons om die volgende vraag te vra: **Is u bereid om deel te word van die antwoord op u gebede?**

Ons moet nie gehoorsaamheid met gebed vervang nie. Wanneer ons ookal bid vir ons familie of vriende of ons gemeenskap of vir sekere lande of die vervolgde kerk, moet ons besef dat God ons kan roep om meer te doen. Om God se roepstem te hoor, moet ons weet wat die nood is. Ons moet die Skrif waar Jesus ons in Johannes 4:35 opdrag gee om ons oë op te lig en na die landerye te kyk, gehoorsaam. Met ander woorde, raak bekend met die omvang van die nood.

> ***Te veel Christene sê, "God het my nooit geroep nie." Maar ek sou sê dat hulle nog nooit na die roepstem geluister het nie.***

Te veel Christene sê, "God het my nooit geroep nie." Maar ek sou sê dat hulle nog nooit na die roepstem geluister het nie – want God het jou geroep. Hy het vir jou gesê om bekend te raak met die nood van die wêreld. Ons mag kla oor

die moderne media wat al die probleme van die wêreld in ons televisiekamer uitbasuin. Eintlik laat hulle ons sonder 'n enkele verskoning om te sê dat ons nie geweet het van die nood nie.

Een van my gunsteling boeke in die Bybel is Nehemia. Sy naam beteken "vertroosting deur Jehovah gegee," en hy het dit inderdaad uitgeleef. Nehemia het 'n werk van hoë aansien gehad as skinker vir die Persiese Koning Artaxerxes. Hy het gemaklik gelewe, maar het nooit sy wortels vergeet nie. So toe verskeie broers hom gesien het nadat hul Juda besoek het, het Nehemia hulle na die Joodse oorblyfsel en die toestand van die stad Jerusalem, uitgevra.

Toe Nehemia sy broers ondervra het, het hy hierdie verpletterende verslag gehoor: "Die ballinge wat teruggegaan het, beleef ... groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om, en die stadspoorte is verbrand" (Nehemia 1:3). Wat 'n aaklige prentjie het hulle geskilder! Maar hulle het die nood duidelik verwoord. Ek glo in my hart dat Nehemia bereid was om te reageer op wat die antwoord ookal sou wees. Met ander woorde, hy was bereid om hul probleme te deel, om te sit, te luister, te bid en te help.

Hierdie is die morele verpligting wat ons het, voordat ons dit durf waag om iemand te vra hoe dit met hulle gaan. Ons moet bereid wees om te luister en te bid en te help. As ons gesindheid nie dieselfde as díe van Nehemia is

nie, sal God ons nie gebruik nie. So my vraag is, of u regtig wil weet wat die toestand van ons broers en susters regoor die wêreld is? Want as u wil weet, *kan* u weet.

Toe Nehemia van die geweldige nood van sy broers hoor, het hy heftig gereageer: "By die aanhoor van dié woorde het ek gaan sit en gehuil en dae lank getreur. Ek het gevas en tot die God van die hemel gebid" (Nehemia 1:4). Ek stel nie voor dat ons te veel in die openbaar moet huil nie. Maar ek dink dat as ons regtig met die behoeftes van ons lydende broers en susters wil identifiseer, al het ons hulle miskien nog nooit ontmoet nie, die gawe van trane nodig is. Ons trane sal ons dryf om te bid en selfs ook te vas.

Na 'n tyd van gebed volg daar nog 'n vraag: Is daar iets wat ek kan doen? Nehemia het in essensie vir God gesê: "Hier is ek." Dit het 'n potensiële probleem geskep. As hy sou besluit om terug te keer na Juda, sou hy 'n baie goeie en veilige posisie moes opgee en dit in die onbekende moes waag. Eerstens sou hy met die koning moes praat en in daardie dae was dit 'n gevaarlike ding om te doen. Selfs om net hartseer te wees in die teenwoordigheid van die monarg, was strafbaar met die dood. Nogtans het Nehemia geweet dat iets in Jerusalem moes verander, net soos ek en u weet dat iets vandag in die wêreld moet verander. Dit is my innige oortuiging dat God al die hulpbronne vir Sy kinders gegee het, om in die nood van die wêreld te voorsien. Maar geen verandering sal maklik plaasvind nie; ons sal 'n prys moet betaal.

Die dag het aangebreek wat Nehemia teruggekeer het werk toe, en die koning het hom gevra, “Hoekom lyk jy so bedruk? Is jy dalk siek? Nie? Hartseer dan? Ek was baie bang” (Nehemia 2:2). In die teks erken Nehemia dat hy baie bang was. Dit was ’n kardinale oomblik in sy lewe. Hy het nie sy emosies ontken nie, maar het die probleem kortliks bewoord. Toe sê die koning vir hom, “Is daar iets wat jy my wil vra?” (Nehemia 2:4).

Ek is nie seker of Nehemia dit verwag het nie, maar hy het duidelik nagedink oor wat hy moes doen. Die volgende verse sê eenvoudig: “Ek het ’n skietgebed opgestuur na die God van die hemel en toe vir die koning gesê: ‘As die koning dit goedvind, as u dienaar op u goedgesindheid mag reken, stuur my na Juda toe, na die stad waar my voorvaders begrawe is, sodat ek die stad kan herbou.” (Nehemia 2:4-5)

Ons vind ’n uitsonderlike man in Nehemia wat ’n sekulêre werk doen. Maar God wou gehad het dat hy ’n spesiale taak vir Sy volk, Israel, moes doen, iets wat nie almal kon doen nie. Dit is vandag ook die geval. God roep mense uit die wêreld wat iets doen wat almal kan doen, want Hy wil hê hulle moet ’n taak verrig wat net hulle kan doen. Elke Christen moet vra, “Here, wat wil U hê moet ek doen?” As ons God vra, sal Hy ons antwoord. En as elke Christen doen wat

***As elke Christen doen wat God wil hê hy of sy moet doen, sal ons ’n totale geestelike revolusie in ons kerke beleef.***

God wil hê hy of sy moet doen, sal ons 'n totale geestelike revolusie in ons kerke beleef, want God het 'n taak vir elkeen van ons. 'n Taak wat niemand anders kan doen nie.

> ***Hierdie is die hart van die vervolgde kerk: dat die evangelie versprei sal word.***

Hoe ver is ons bereid om te gaan, om God se roepstem te gehoorsaam? Hoeveel van ons gemak en plesier en "sekuriteit" is ons bereid om op te offer, indien nodig, sodat ander kan lewe? Hoeveel teenkanting is ons bereid om in die gesig te staar? Ons mag dalk sing dat ons "alles op die altaar neergelê het", maar is ons gereed om al ons besittings, ons loopbane, ons planne vir 'n stil, gemaklike aftrede, miskien selfs ons lewens neer te lê? Is ons gewillig om te gaan waarheen God ons stuur? Selfs plekke waar ons in die tronk gegooi kan word, gemartel, of doodgemaak kan word, omdat ons die evangelie deel? Is ons bereid om die afkeur of bespotting van ons bure, kollegas, familielede, of ander Christene in die gesig te staar wanneer ons 'n manhaftige besluit vir God neem? As ons Satan effektief gaan teenstaan, is ek oortuig daarvan dat ons hierdie vrae moet konfronteer.

Die Here het opwindende planne en Hy begeer niks meer as om ons deel te maak van Sy planne nie. Hy het oorloë vir ons om te veg, berge om te klim, heldedade om uit te voer. Hy wag vir ons om op die roepstem van Jesus te reageer: "Volg My." Ons taak is diselfde as díe

van Jesus toe Hy op aarde bedien het: om die liefde van God te deel met mense wat gyselaars van Satan, in ‘n wêreld onder sy beheer, is.

Ons kan verseker weet dat ons nie enige van hierdie dinge deur ons eie krag of met ons eie outoriteit kan uitvoer nie. God moet ons die outoriteit en krag gee, elke tree van die pad. Dit is hoekom ons altyd na die strydveld van gebed terugkeer.

---

Ek hoop dat u deur hierdie kort hoofstukke insig verkry het oor hoe God ons wil gebruik om ons wêreld te beïnvloed. Ons is nie hulpelose toeskouers nie, maar ten volle toegeruste krygsmanne, gereed om die stryd te betree en die uitbreiding van God se Koninkryk te beïnvloed.

So, sal u u wapenrusting aantrek? Sal u waak en bid om God se hart vir Sy skepping te ontdek? Sal u na die nuus kyk en bid vir u broers en susters wat deur wêreldgebeure geaffekteer word? Sal u intimiteit met God nastreef, sodat u werklik vir u broers en susters regoor die wêreld kan intree? Sal u, u Bybel as ‘n wapen gebruik, ’n swaard om die beloftes van God vir diegene wat ly, te eis? Laastens, sal u die behoeftes van u mede-gelowiges leer ken en saam met hulle bid, nie net vir hulle nie?

Wees versigtig. As u al hierdie dinge doen, kan God u vra om deel van die antwoord op u

gebede te word. As dit gebeur, juig, want dan sal u deel wees van die grootste avontuur denkbaar!

## NEEM AKSIE

Hersien die "Neem aksie"-dele in hierdie boekie. Wat sê God nou vir u oor u gebedslewe? Watter een verandering sal u in u gebedslewe maak? Skryf dit neer en bêre dit in u daaglikse beplanner.

***Wat sal gebeur as ons Jesus se opdrag om ons vyande lief te hê en te bid vir die mense wat ons vervolg, letterlik gehoorsaam? Hoe sal dit die reputasie van Christene in die Verenigde State van Amerika affekteer as ons bekend word, nie vir ons toegang tot die Wit Huis nie, maar vir ons toegang tot die hemel, namens diegene wat met inspanning, en selfs gewelddadig, met ons verskil?***

Philip Yancey

# Bronne

Aanhalings deur Ronald Dunn uit *Don't Just Stand There, Pray Something* (Thomas Nelson Publishers, 1992).

Aanhalings deur Andrew Murray uit *With Christ in the School of Prayer* (Revell, 1953).

Aanhaling deur Leonard Ravenhill uit die artikel *The Passion of Prayer* (bron onbekend).

Aanhalings deur Oswald Chambers uit *My Utmost for His Highest* en *If Ye Shall Ask*, sien *The Complete Works of Oswald Chambers* (Discovery House Publishers, 2000).

Aanhaling deur Saint Francis de Sales, 1567–1622 (bron onbekend).

Aanhalings deur Karl Barth en Richard J. Foster uit *Prayer: Finding the Heart's True Home* deur Richard J. Foster (Harper One, 1992).


Aanhaling deur Broer Lawrence uit *The Practice of the Presence of God*, vertaal deur Donald Attwater (Templegate, 1974).

Aanhalings deur Abraham Joshua Heschel, Walter Wink, en Philip Yancey uit *Prayer: Does It Make Any Difference?* deur Philip Yancey (Hodder and Stoughton, 2006); en uit *The Bible Jesus Read* deur Philip Yancey (Zondervan, 1999).

Sommige gedagtes in hoofstukke 5 en 6 word breedvoerig bespreek in *And God Changed His Mind* deur Broer Andrew met Susan DeVore Williams (Chosen Books, 1990).

Sommige gedagtes in hoofstukke 7 en 8 word breedvoerig bespreek in *Secret Believers* deur Broer Andrew en Al Janssen (Revell, 2007).

# Die *Bediening* van Geopende Deure u skakel met die vervolgde Kerk


Broer Andrew

Geopende Deure is in 1955 deur 'n jong Hollander, Broer Andrew, gestig, om Christene wat agter die kommunistiese Ystergordyn gely het, te bemoedig. Broer Andrew, het terwyl hy 'n klein Volkswagen Kewertjie bestuur het, vragte Bybels en ander literatuur oor geslote grense gesmokkel. Hierdeur het hy die bynaam "God se Smokkelaar" verkry.

Vandag help Geopende Deure om die geloof te versterk van vervolgde Christene in 60 verskillende lande in Afrika, Oos-Asië, Latyns-Amerika en die Moslemwêreld.



---

**GeopendeDeure**
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

**Geopende Deure Suid-Afrika**


Posbus 1771
Cresta
2118
Suid-Afrika
+27 11 888 9341

**www.opendoors.org.za**

# LIGHT FORCE

## 'n Hartroerende weergawe van die Kerk wat in die Midde-Ooste kruisvuur vasgevang is

### Broer Andrew en Al Janssen




"Hierdie is'n boek wat applous sowel as kritiek kan uitlok. Dit sal opbou en aanstoot gee en gesonde noodsaaklike besprekings en debatte in die Westerse Kerk aanmoedig."
– Randy Alcorn, outeur, Safely Home

Vir jare het Christene weggevlug uit die verskriklike konflik in die Midde-Ooste. Vandag, in die land waar die kerk ontstaan het, is minder as twee persent van die mense in Israel, die Wesbank en Gasa, Christene. Tog hou díe oorblyfsel die hoop vir vrede – as hulle net in hulle geloof kan volhard en nie moedeloos word nie.

*Light Force* is die merkwaardige verhaal van Broer Andrew se missie om die kerk in die Midde-Ooste op te soek, hom te vergewis van haar toestand en nood, en alles moontlik te doen om dít wat oorbly te versterk. Deur middel van dramatiese verhale, kry lesers 'n eksklusiewe agter-die-skerms-kykie in die lewens van mense wat werklik deur die eeue-oue konflik in hierdie plofbare deel van die wêreld geraak word. Hierdie boeiende weergawe van die kerk wat in die kruisvuur vasgevang is, sal lesers aangryp.

**Geopende *Deure***
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

Beskikbaar by:

**Geopende Deure Suid-Afrika**


Posbus 1771
Cresta
2118
+27 11 8889341
**www.opendoors.org.za**

# SECRET BELIEVERS

## WHAT HAPPENS WHEN MUSLIMS TURN TO CHRIST?

### Broer Andrew en Al Janssen

In sy mees ongelooflike en openbarendste boek tot op hede, nooi Broer Andrew u uit om heldhaftige mans en vrouens te ontmoet, van wie se bestaan u nooit bewus sou wees nie.




Dit is die boeiende verhaal van die kerk in Islamitiese lande wat sukkel om vyandige regerings, terroriste dade, en 'n toename van Moslems wat hul tot Christus keer, te hanteer. Die name en plekke is verander om die werklike mense en plekke te beskerm. Maar die stories is waar.

Secret Believers bied nie net 'n kykie in die lewens van hierdie moedige gelowiges nie, maar dit stel ook vier praktiese inistiatiewe voor vir Christene in die Weste om hierdie vervolgde broers en susters te help. Dit noop ons om betrokke te raak by 'n nuwe soort jihad, wat wraak vervang met vergifnis, radikale liefde en onwrikbare gebed.

"Broer Andrew en Al Janssen openbaar die verbasende verhale van diegene wat getuig van die liefde van die Een vir wie hulle op 'n keer geweier het en met 'passie' gesoek het totdat hulle Hom gevind het, selfs te midde van groot teenkanting. Hulle nalatenskap is een van sagmoedigheid, genade en oorwinning en behels ook 'n oproep tot elke volgeling van Christus om hulle voorbeeld na te volg."
– Ravi Zacharias, outeur en spreker

**Geopende Deure**
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

Beskikbaar by:

**Geopende Deure Suid-Afrika**
Posbus 1771
Cresta
2118
+27 11 8889341
**www.opendoors.org.za**